



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 6 Mei 2021

Gedagte van die week:

In die huwelik is dit ewe belangrik om die regte persoon te vind en die regte persoon te wees.

Vertrekpunt: Matteus 5:27-32

Meditasie uit die teks:

Jesus is in die bergrede besig om in reaksie op die Fariseërs en Skrifgeleerdes, sy dissipels bekend te stel aan 'n nuwe manier van dink oor en doen van die Wet. In ons teks van die week is Jesus besig om te praat oor huwelik, egbreuk en egskedding. In die Ou Testament en in Jesus se tyd, was die huwelik meer 'n seksuele ordereëling as wat dit 'n liefdesreëling was. Die meeste tekste oor die huwelik het altyd een of ander waarskuwing ten opsigte van seksuele gedrag. Die beste voorbeeld hiervan is 1 Korintiërs 7 waar Paulus uitgebreid praat oor trou/huwelik en seks. Jy kan dit gerus lees. Jesus spreek tot die mense van sy tyd se eng verstaan van die huwelik en daarom fokus Hy op hulle bestaansrede vir die huwelik en word egbreuk dus die enigste rede vir egskedding. Uit die aard van die saak beskou ons lankal nie meer die huwelik as 'n sekssdisipline nie, net soos wat ons ook nie meer in lyn met Bybelse geografie die aarde as plat beskou nie. Net soos wat ons Die Bybel dus nie as 'n moderne geografie handboek kan gebruik nie, kan ons ook nie Die Bybel as 'n direkte huweliksraadgewer gebruik nie. Ons leef nie vanuit die chauvinisme waarvolgens 'n pa sy dogter(s) kan aanbied en 'n man sy vrou besit nie. Ons beskou die huwelik as 'n lewensruimte waarin twee gelykwaardige mense saamleef in al die aspekte van volledige menswees en daarom sal en is daar baie meer gebeure wat dit kan beskadig en selfs kan breek as net owerspel/egbreuk. Ons het 'n groter verwagting van die huwelik as net seks, vrugbaarheid, voortplanting en nageslag. Ons het huweliksverwagtinge van wedersydse respek, ruimte vir twee, ervaring van sekuriteit, emosionele versorging, fisiese versorging, sinvolle gesprek, gesamentlike besluitneming ensovoorts. Ek glo nie dat 'n mens die teks van die week kan gebruik om iemand in 'n ongelukkige huwelik vir ewig gevange te hou nie. Dit is té verskriklik ongenadig en lewensvernietigend en nie in lyn met die groter boodskap van Die Bybel nie.

Youtubeskakel:

Ons gaan Sondag 09 Mei 2021 om 09:30 'n reisgesprek in die kerkgebou hou. Jy kan hierdie reisgesprek ook op Youtube luister. Die youtube-skakel is <https://youtu.be/NGEmSD8qPeQ>

Meditasie uit die lewe

Ek en my vrou kyk so nou en dan na Die Republiek van Zoid-Afrika. Dit is Karen Zoid se KykNet-geselsprogram. Onlangs was haar gaste Martelize Brink (RSG omroeper) en Jan Blohm (musikant). Martelize is 'n sterk, positiewe en vrolike vrou in 'n rolstoel. Jan Blohm daarenteen is 'n skaam, onseker en angstige man wat vooroor en op die punt van sy stoel sit. Karen vra wat is die laagtepunte van hulle lewens. Martelize se laagtepunt was toe haar pa, potjiekoskoning Matie Brink, op 61-jarige leeftyd sterf. Jan Blohm probeer eers die vraag omseil, maar antwoord uiteindelik dat sy laagtepunte was al die kere wat hy die mense wat vir hom lief is, teleurgestel het. Sy gesig trek emosioneel en ek kan die pyn sien. Op haar vraag wat hulle hoogtepunte was antwoord Martelize dat haar besoek aan Rwanda en 'n paar radiotoekennings haar hoogtepunte was. Jan Blohm probeer die vraag weer eens omseil en verwys na Kilimandjaro, want dit is baie hoog! Maar dan waag hy om ernstig te raak en sê dat die geboorte van sy dogter was sy hoogtepunt. Wanneer Karen vra hoekom hy dit kies, dan antwoord hy, "want sy het my onvoorwaardelik lief!". En dan raak hy emosioneel. Ek wou deur die TV breek en hom daar en dan net vashou. Ek het gedink ek sal vir hom Psalm 51:19 lees, "U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God!" Ek kan dit ook nie geing ag nie. Ek het lanklaas sulke eerlike en duidelike spyt en berou gesien. Al wat ek hoop is dat sy dogter hom lewenslank onvoorwaardelik lief sal hê. Aan die einde van die aand sing Karen Zoid en Jan Blohm saam. Ek hou nie van die klanke nie, maar die woorde is mooi: "bly by my wanneer dit reën sodat my treurigheid klein kan word; bly by my met die kraal van jou hande sodat die winde verby my ore waai; bly by my met jou wit uiltjie sodat ek vergeet van my afsterf; bly by my wanneer die aarde se onderlyf skeur en my klein eiland verdrink in die nag". Ons het almal liefde en genade nodig! Meer as ooit wil ek deel wees van 'n kerk met oorvloedige en onvoorwaardelike liefde en genade, 'n kerk waar elke Jan kan Blo(h)m!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com